Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-11-06

Liewe Ouers

Die personeel is besig met hul laaste assesserings vir die jaar. Ons doen ‘n vriendelike beroep op ouers om asb. nie die kleuters onnodig uit die skool te hou nie.

GRAAD R-INLIGTING:

GRAAD R-SPORT

Graad R-sport is afgehandel vir die kwartaal. Daar is dus geen graad R-sport meer vir die res van die jaar nie.

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)

Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 8 Desember plaas. Die kostes beloop **R200-00** per kleuter en moet asb. voor/op Vrydag 13 November betaal word. U kan die betaling op die D6-toepassing doen. Stuur bewys van betaling aan adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za asb.



Ons tema vir volgende week is: **SPINNEKOPPE**

Ons persepsies is: Getal: **Hersiening**
Klank: **Hersiening**

Assessering:
Tel ritmies tot …
Tel in 2’s tot 10
Simmetrie en datahantering
Herken getalsimbole 1 - 10
Herken kolkaarte 1 - 10
Herken getalname een tot tien
Probleemoplossing tot 10
Sing rympies en liedjies
Herken rymwoorde
Links en regs

Maandag	9 November:	Kleuters identifiseer rymwoorde
Dinsdag	10 November:	Ons oefen ons menstekening
Woensdag	11 November:	Bou ‘n spinnekop uit klei
Donderdag	12 November:	Bak-en-Brou: ‘n Spinnekop
Vrydag	13 November:	***Laaste dag vir opname- en fotobestellings*** ***Laaste dag vir oorslaapaandgelde***
Saterdag	14 November:	***GRAAD 1- BEKENDSTELLINGSDAG***

GRAAD RR-INLIGTING:

SOMERPRETDAG: VRYDAG 13 NOVEMBER

Om by die tema van die week aan te pas hou ons Vrydag 13 November ‘n Somerpretdag. Kleuters moet asb. met hul swemklere skool toe kom. Bring asb. ook ‘n handdoek wat duidelik gemerk is. Smeer asb. u kleuter reeds tuis met sonroom.
Kostes beloop R35-00 per kleuter, betaalbaar op die D6.

GRAAD RR-AFSLUITINGSFUNKSIE: DINSDAG 17 NOVEMBER

Reëlings vir die aand:

Die afsluitingsfunksie begin stiptelik om 19:00. Kleuters moet om 18:30 by Laerskool Lochnerhof se hoofhek in Rungestraat afgelaai word. Die kleuters kom by die kunsgras langs die tydelike klasse bymekaar. Na afloop van die funksie verdaag die kleuters na die graad 1-klasse waar hulle eetgoed sal ontvang. Die ouers word na afloop van die funksie hartlik uitgenooi om verversings agter in die saal saam met die personeel te geniet. Die kleuters sal in daardie tyd ook eetgoed in die toesigklasse ontvang.

Geen kleuters word dus in die saal toegelaat waar die ouers eetgoed geniet nie. Ouers kan na afloop van die verrigtinge (ongeveer 20:30) weer die kleuters by die toesigklasse afhaal.

- Bytjieklas: Gr 1L - Juffrou Bea le Roux
- Skoenlapperklas: Gr 1W - Juffrou Leandi Wiehman
- Besieklas: Gr 1F - Juffrou Inge Fourie
- Miertjieklas: Gr 1M - Juffrou Tiana Minnie (huidiglik Anria Nel)
- Naaldekokerklas: Gr 2St - Juffrou Yolandi Steyl

Ongelukkig word geen boeties en sussies toegelaat om die funksie by te woon nie.

Ons tema vir volgende week is: **SOMER**

Ons persepsies is: Getal: **6**
Klank: **r-klankie**

Saterdag 7 November: ***GRAAD R-BEKENDSTELLINGSDAG***

Maandag 9 November: Ons verf ‘n handdoek

Dinsdag 10 November: Ons verf ‘n waatlemoen

Woensdag 11 November: Ons verf ‘n roomys

Donderdag 12 November: Ons teken ‘n mantekening

Vrydag 13 November:
Laaste dag vir opname- en fotobestellings



Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel